

Shofar Christian Church

# Resolusie Illusie

Ruan Mocke

# Rut 1: 4 -18

4En hulle het vir hulle Moabitiese vroue geneem; die naam van die een was
Orpa en die naam van die ander Rut; en hulle het daar omtrent tien jaar
gebly. 5En toe Maglon en Giljon altwee sterwe, en die vrou sonder haar twee
seuns en haar man oorbly, 6het sy haar gereedgemaak met haar skoondogters
en teruggegaan uit die veld van Moab, want sy het in die veld van Moab
gehoor dat die Here op sy volk ag gegee het deur aan hulle brood te gee. 7So
het sy dan haar woonplek verlaat en haar twee skoondogters saam met haar.
Maar toe hulle op pad was om na die land Juda terug te gaan, 8sê Naómi aan
haar twee skoondogters: Gaan heen, draai om, elkeen na die huis van haar
moeder; mag die Here aan julle guns bewys soos julle aan die dode en aan my
bewys het.

# Rut 1: 4 -18

9Mag die Here gee dat julle 'n rusplek vind, elkeen in die huis van haar man;
en sy het hulle gesoen. Maar hulle het hul stem verhef en geween 10en aan
haar gesê: Nee, ons wil saam met u teruggaan na u volk. 11Maar Naómi sê:
Draai om, my dogters! Waarom sou julle met my saamgaan? Het ek nog seuns
in my liggaam, dat hulle julle mans kan word?
12Draai om, my dogters, gaan heen; want ek is te oud om 'n man te hê. Al sou
ek sê: Ek het hoop! en nog vannag aan 'n man mag behoort en ook seuns baar
—13sou julle in dié geval kan wag totdat hulle groot geword het? Sou julle in
dié geval julleself opsluit om nie aan 'n man te behoort nie? Ag nee, my
dogters, want dit is vir my baie bitterder as vir julle dat die hand van die Here
teen my uitgestrek is. 14Toe verhef hulle hul stem en ween weer; en Orpa het
haar skoonmoeder gesoen, maar Rut het haar aangehang.

# Rut 1: 4 -18

15Daarop sê sy: Kyk, jou skoonsuster het omgedraai na haar volk en na haar
gode toe; draai om agter jou skoonsuster aan!  16Maar Rut sê: Moenie by my
aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan,
sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my
God. 17Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die Here so
aan my doen en so daaraan toedoen — net die dood sal skeiding maak tussen
my en u. 18 Toe sy sien dat sy vas besluit het om met haar saam te gaan, het
sy opgehou om met haar te spreek.

# Naomi se stellings

Vers 8

- Guns

Vers 11

- Beskerm

Vers 15

- Grond/Oorwinning